**VOORLOPIGE SYFERS VAN 2024-'25 BELASTINGSEISOEN**

**Tshwane, 31 Januarie 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bedank voorlopige belastingpligtiges en trusts vir die indiening van hulle jaarlikse inkomstebelastingopgawes vir die 2024-belastingjaar.

Die belastingseisoen vir voorlopige belastingpligtiges en trusts het op 20 Januarie 2025 gesluit. Die algehele oorsig van voorlopige, trusts en nievoorlopige belastingpligtiges is as volg:

- Sedert die begin van die belastingseisoen het 543 252 voorlopige belastingpligtiges hulle jaarlikse inkomstebelastingopgawes vir die 2024-belastingjaar ingedien, wat 4.76% op is van die 517 356 in die 2023-belastingjaar.
- Daarby het belastingpligtiges ook opgawes ingedien wat uit vorige belastingjare uitstaande was. In totaal het 162 690 voorlopige belastingpligtiges hul opgawes vir die vorige jare ingedien, wat 'n daling is van die 242 911 in die 2023-belastingjaar. Die groottotaal is 705 942 voorlopige belastingpligtiges wat hulle opgawes ingedien het.
- Wat trusts behels, het ons opgawes van 84 134 belastingpligtiges vir die 2024-belastingjaar ontvang, wat op is van 68 890 in die vorige belastingjaar. Daar was ook 80 132 trustopgawes vir vorige jare wat 'n algehele totaal van 164 266 tot gevolg gehad het.
- Die aantal nievoorlopige belastingpligtiges wat hulle inkomstebelastingopgawes ingedien het en die wat outomaties aangeslaan is, staan op 6 797 055.
  4 765 753 is outo-aangeslaan vir die 2024-belastingjaar, wat 24.94% meer is as die 3 577 239 van die vorige jaar. Soos voorheen oor verslag gedoen is, hoef hierdie belastingpligtiges niks te gedoen het nie - SARS het verskeie databronne gebruik om hulle outomaties aan te slaan en 'n uitslag aan hulle te bied.

Daar is 'n algemene styging in die aantal voorlopige belastingpligtiges en trusts wat opgawes indien. Dit is bemoedigend, hoewel daar egter nog 'n lang pad voorlê om aanvaarbare vlakke van nakoming in hierdie kategorieë van belastingpligtiges te verseker. Daar is 'n merkbare styging in die indiening van opgawes deur nievoorlopige belastingpligtiges. Dit behels die gebruik van outomatiese aanslae vir nievoorlopige belastingpligtiges, asook diegene wat hulle opgawes onafhanklik indien. Dit toon 'n algemene styging in nakoming in hierdie kategorie, maar daar lê sonder twyfel nog 'n lang pad voor om te kan sê dat elke belastingpligtige, wat veronderstel is om hulle opgawe in te dien, pligsgetrou hul wetlike verpligting nakom. SARS sal voortaan meer fokus op die aanmoediging van vrywillige nakoming in hierdie kategorieë van belastingpligtiges.

Ingevolge sy strategiese oogmerke, is SARS fundamenteel toegewyd om helderheid en sekerheid te verskaf om belastingpligtiges in staat te stel om hulle wetlike verpligtinge na te kom. SARS poog om dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges

te maak om met die organisasie sake te doen, deur aanlyn platforms soos eFiling. SARS maak dit ook duur en moeilik vir belastingpligtiges wat opsetlik nie aan die belastingwette voldoen nie.

SARS en belastingpligtiges speel elk 'n kritiese rol in Suid-Afrika se openbare finansies. Alle kategorieë van belastingpligtiges, insluitend trusts en ekonomies-onaktiewes, moet vir belasting registreer, opgawes indien en betyds betaal. Nienakoming van belastingwette is 'n kriminele oortreding en sal boetes en rente lok.

Die verteenwoordigende belastingpligtiges van trusts, moet ingedagte hou dat hulle wetlik aanspreeklik is, in hul amptelike sowel as persoonlike hoedanighede, om hulle trusts se belastingverpligtinge na te kom, selfs al gebruik hulle 'n belastingpraktisyn om die trust se belastingsake te administreer. SARS sal alle trustees van 'n trust gesamentlik en individueel aanspreeklik hou vir hulle trusts se belastingnakoming.

SARS Kommissaris, Edward Kieswetter, het sy dank uitgespreek teenoor alle belastingpligtiges wat stappe geneem het om hul wetlike verpligtinge na te kom. Hy het gesê: "Hoewel SARS tevrede is met die algemene styging in nakoming, dit nog te vroeg is om oorwinning te verklaar. In hierdie verband, sal SARS aanhou om die nuutste tegnologie, kunsmatige intelligensie en datawetenskap in te span om vrywillige nakoming te koester deur te verseker dat dit moeiteloos is om met die organisasie sake te doen en die las van nakoming te verminder. Dit loop hand-aan-hand met SARS se algehele vooruitsig om ons belofte te realiseer wat "die beste diens is geen diens nie" behels. SARS doen hulle beste om hul opvatting na te jaag om 'n slim, moderne SARS te wees met onbetwisbare integriteit wat deur almal vertrou en bewonder word.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.